basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WE SUPPORT QUALITY EDUCATION • LOVE, RESPECT AND ACCEPTANCE FOR ALL •

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
GRAAD 1 AFRIKAANS HUISTAAL
TOETS

PUNTE	

PUNTE: 20

TYD: 1 uur

PROVINSIE _____

DISTRIK _____

KRING _____

SKOOL _____

EMIS-NOMMER (9 syfers)

KLAS (bv. 1A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN		**DOGTER**	

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D

Die toets bestaan uit 9 bladsye, die buiteblad uitgesluit.

Instruksies aan die onderwyser:

1. Lees elke vraag/instruksie stadig en duidelik voor aan die leerders.
2. Lees elke vraag/instruksie twee keer terwyl die leerders in hulle vraestelle volg.
3. Moenie die vrae/instruksies aan die leerders verduidelik nie.
4. Gee hulle genoeg tyd om die antwoorde onafhanklik in die gegewe spasies te skryf. Moenie die leerders na die antwoord lei nie.
5. Sodra die leerders die vraag voltooi het, kan u aangaan om die volgende vraag/instruksie te lees.
6. Volg dieselfde prosedure vir elke vraag tot aan die einde van die vraestel.
7. Doen die oefenvoorbeelde saam met die leerders.

Oefenvoorbeelde

1. Maak 'n kruisie (**x**) op die letter bo die korrekte antwoord.

Dit is 'n ...



A	B	C	~~D~~
hond.	koei.	hen.	kat.

Jy het die vraag korrek beantwoord, indien jy 'n kruisie (**x**) deur 'D' getrek het.

2. Nommer die sinne in die blokkies 1-4 om die regte volgorde van hoe om tande te borsel te wys.

Maak jou tandeborsel nat.	
Spoel jou mond uit.	
Borsel jou tande.	
Druk tandepasta op jou tandeborsel.	

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy die sinne in die korrekte volgorde: 1, 4, 3, 2 genommer het.

3. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.
Ek dra 'n ... as ek krieket speel.

A pot

B pet

C pit

D pen

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy 'B' omkring het.
In jou toets sal jy soortgelyke vrae kry om te antwoord.

Die toets begin op die volgende bladsy.

1. Kyk na die prente hieronder.

Met watter klank begin elke prent?

Skryf die letter in die blokkie onder die prent.



1.1 .....



1.2 .....

2. Gebruik die woorde in die raampies om die name van die prente te skryf.

pot	eend	pen	hen

2.1.....

2.2.....

3. Lees die storie en beantwoord vrae 3.1-4.

Vandag is dit Ben se sesde verjaarsdag. Sy suster, Pam, gee vir hom 'n krieketkolf as 'n geskenk. Hy is baie opgewonde om die kolf te gebruik. Ben en sy gesin gaan met hulle motor na die park toe. Ben sit sy pet op om krieket te speel. Pappa boul die bal na hom. Ben slaan die bal met sy kolf en hardloop vinnig. Mamma en Pam klap hande terwyl hulle speel. Die gesin het hope pret in die park.

[Bron: Dept. van Basiese Onderwys]

3.1 Maak 'n kruisie (**x**) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Wat is die beste titel (naam) vir die storie?

Speel met my maats	
Ben se nuwe pet	
Pret in die park	

3.2 Beantwoord die vraag.

Hoe oud is Ben?

Ben is ..... jaar oud.

3.3 Nommer die sinne 1-3 in die blokkies om die korrekte volgorde van die storie te wys.

Ben sit sy pet op.	
Hulle het baie pret in die park.	
Ben en sy gesin gaan na die park.	

4. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Waarom het Ben sy pet opgesit?

Hy het sy pet opgesit omdat hy ...

A pret gehad het.

B krieket gespeel het.

C die bal geboul het.

D moeg was.

5. Kyk na die prent.

Wat sien jy in die prent?



Dit is 'n prentjie van 'n.....

6. Maak ‘n kruisie (**x**) op die letter bo die korrekte antwoord.

Wat is die swaarste voorwerp?

A	B	C	D
			

7. Trek ‘n lyn om die sin met die korrekte prent te verbind.

Pappa speel krieket.	Ben sit sy pet op.





8. Skryf die sin oor.

Gebruik ‘n hooflettter en ‘n punt.

ben speel krieket in die park

.....

9. ‘n Selfstandige naamwoord is iets wat jy kan sien, voel en aanraak.

9.1 Omkring die letter langs die korrekte selfstandige naamwoord.



Die seun slaan die ... met sy kolf.

A kar

B net

C bal

D pot

9.2 Vul die selfstandige naamwoord in wat uitgelaat is.



Mamma ry met haar .....

10. Kyk na die prent hieronder.

10.1 Skryf **een** sin oor die prent.

.....

10.2 Skryf **twee** sinne oor die prent.

Begin jou sin met 'n hoofletter en eindig dit met 'n punt.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

TOTAAL: 20